basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Ek moes nooit omgekyk het nie! **[50]**

1.2 Suid-Afrikaners se humor is goud werd. **[50]**

1.3 Ek proe die verskil tussen gister en vandag. **[50]**

1.4 **Moet óns aanpas om ons wêreld te verander?** **[50]**

1.5 "Ek en jy is gemaak
om spore te los." (*Spore*, Elvis Blue) **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6




[Bron: https://freedesignfile.com/361303-people-who-take-all-kinds-of-cameras-hd-picture] **[50]**

1.7



[Bron: https://wallpapercave.com/black-and-white-nature-wallpaper] **[50]**

1.8



[Bron: Ongepubliseerd] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

### 2.1 INFORMELE BRIEF

'n Vriend(-in) se drome het nie waar geword nie en hy/sy is baie hartseer.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan hom/haar waarin jy hom/haar motiveer om nie moed te verloor nie. **[25]**

### 2.2 FORMELE BRIEF: BRIEF AAN DIE PERS

Jy het die geleentheid gekry om direk ná skool vir 'n jaar oorsee te gaan werk. Gedurende die jaar het jy besef alles oorsee is nie altyd maanskyn en rose nie.

Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy Suid-Afrikaners aanraai om eerder in Suid-Afrika te bly. **[25]**

### 2.3 OOGGETUIEVERSLAG

Jy was ooggetuie toe iemand 'n brand in jou omgewing gestig het.

Skryf 'n VERSLAG vir die polisie oor dié voorval. **[25]**

### 2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Jy wil graag hê jou dorp moet as die Dorp van die Jaar aangewys word. Jy kry die geleentheid om 'n INFORMELE TOESPRAAK by 'n gemeenskapsvergadering te lewer.

Skryf 'n INFORMELE TOESPRAAK waarin jy die mense van jou dorp aanmoedig om by projekte betrokke te raak, sodat die dorp se kans om hierdie toekenning te verwerf, kan verbeter. **[25]**

### 2.5 ONDERHOUD

Iemand in jou dorp is onlangs vir sy/haar deursettingsvermoë ten spyte van sy/haar uitdagings vereer. Jy het die geleentheid om 'n onderhoud met hom/haar oor hierdie prestasie te voer.

Skryf die ONDERHOUD in vraag-antwoord-formaat. **[25]**

2.6 **DIALOOG**

Lees die strokie hieronder.




[Bron: https://comicskingdom.com]

Skryf die DIALOOG tussen Jeremy en sy ma wat op hierdie woorde volg. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou